HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

22 November 2026



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Baie welkom by vanoggend se erediens



Kuier jy vandag by Hoogland of sluit jy as nuwe lidmaat aan?

Kom maak gerus ná die erediens kennis by die info@PEHoogland-tafel in die voorportaal – die dame daar wil jou (en jou gesin) graag ontmoet en seker maak julle voel tuis! Stuur ook gerus 'n *WhatsApp* na 079 815 9325 sodat Annalize in die kerkkantoor met jou kan kontak maak.

Matrieks 2026 – Uiteindelik!!

Só kom julle heel laaste skooleksamen tot 'n einde! Hoogland bid vir oulaas saam met elkeen wat nog 'n laaste vak skryf hierdie week. Geniet julle welverdiende matriekvakansie! Mag die uitslae die vrug wees van al julle harde werk.'n Hele nuwe hoofstuk lê voor, maar onthou: **Julle bly deel van hierdie geloofsfamilie!**

Gaan geniet die lewe, Matrieks!

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel
GVG begin weer Januarie 2027
16:30 Buffelsfonteindiens: Ds Pieter Nel

Deurkollekte: Biblia Hawesending
(...versprei Bybels en bied geestelike ondersteuning aan seemanne)

Algemeen

Program vir die week:

Maandag: 23 November
18:30 Kerkraadsvergadering

Dinsdag: 24 November
09:30 Bybelstudie in die Voorhuis
11:00 Gebedsaksie in die Raadsaal
18:00 Bybelstudie in die Voorhuis

Vrydag: 27 November
05:15 Mannebedienning
18:00 Kerkraadsafsluiting

Saterdag: 28 November
08:00 Kerkraadsbeplanning - 2027

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Gebedsversoeke ...

Stuur gerus enige gebedsversoeke met vrymoedigheid en in volle vertroulikheid per *WhatsApp* na 079 815 9325.

As jy dalk wil deel word van die Gebedsaksie se *WhatsApp* groep - *WhatsApp* asseblief GEBED saam met jou naam & van na 079 815 9325.

Baie, baie dankie aan elkeen wat Hoogland se heel eerste Kersfees-Bingo ondersteun het!

Hou gerus Hoogland se sosiale media en die Gemeenteprogram dop vir baie meer opwindende Fonsdainsamelingsprojekte vir 2027. As jy dalk n voorstel het gesels gerus met Heinrich Karsten.

Sondagkoffie – Dankie dat jy help ...

'n Lekker koppie koffie ná die erediens is deel van Hoogland se saamwees. 'n Vriendelike herinnering dat kontantdonasies by die koffietafel altyd welkom is. Maar omdat min van ons deesdae kontant saamdra, is 'n boks melk, pak *hot chocolate* of bottel koffie net so welkom!

Jaarprogram 2027 : Borg 'n Bladsy …

Hoogland se 2027 Jaarprogram is amper gereed vir druk, maar daar is nog net 3 van die 12 maande geborg! Ons het regtig nog borge nodig om die drukkoste van hierdie Jaarprogram so laag moontlik te hou.

Vir slegs R1 000 kan enige besigheid, gastehuis, eiendomsagent, eenmansaak, diensverskaffer of selfs 'n privaat "*tutor*" 'n maand borg.
Die advertensie en kontakbesonderhede verskyn dan in die Jaarprogram.

Dalk kan JY help of ken jy iemand wat belangstel? Deel gerus die woord of as jy weet van enige besigheid of persoon wat graag hul dienste wil adverteer. Laat weet asseblief vir Annalize by die kerkkantoor sodat sy kontak kan maak.
WhatsApp: 079 815 9325 / Epos annalize@pehoogland.co.za
Maande word toegeken soos besprekings ontvang word.

'n BAIE groot dankie aan die 3 besighede wat reeds aan boord is EN sommer by voorbaat dankie aan elkeen wat help om nog 'n borg te vind. Elke borgskap help en saam maak klein bydraes 'n groot verskil!

Waar wil die Here jou in 2027 gebruik??

Dalk dink jy ook: *"Ek wil graag iewers betrokke raak, maar waar?"*
Hoogland het 'n plekkie vir jou! Hier is 'n paar bedieninge waar nog hande en harte baie welkom is in 2027:

- Voorsangers: Charise se sanggroep soek nog mansstemme.
- GVG: Mentors vir Graad 1, 4, 5 en 6 word dringend benodig.
- Erediensbediening: Hande met dankoffers/koffiebediening is altyd welkom.
- Kinibaai-Bybelstudie: Kom groei weekliks saam in die Woord.
- Hospitaalbediening: Nog vrywilligers om siekes te besoek.
- Fondsinsameling: Hier het Hoogland BAIE DRINGEND nog hande én koppe nodig! Mense met vars idees, kreatiewe planne en baie gewillige hande wat wil help om interessante fondsinsamelingsgeleenthede moontlik te maak!

Gesels gerus met Annalize, Hoogland se Bedieningskoördineerder, oor waar jy kan inskakel. Jy hoef nie reeds al die antwoorde te hê nie – net 'n gewillige hart!

Uit die Hart …

Self-service. Self-checkout. Self-help.

Ons doen baie dinge self: ons *scan* inkopies, maak self 'n afspraak en soek 'n video om 'n rak op te sit. Dit is handig. En daar is iets lekker daaraan om 'n taak self reg te kry en te sien hoe 'n plan werk.

Kinders sê "Ek self!" is 'n belangrike tree. Hulle ontdek dat hulle kan probeer, kies en leer. Ons gee hulle kans, al beland die kos soms op die tafel. Dit is deel van leer. Self doen help hulle groei.

Maar ons word nie so groot dat ons niemand meer nodig het nie. 'n Tafel skuif makliker met twee mense; 'n maaltyd is geselliger wanneer almal help en 'n plan kom soms verder wanneer iemand saam dink. Om iets saam te doen vat niks weg van wat jy self kan doen nie. Dit maak die lewe net ruimer.

Ons is bly wanneer mense selfvertroue kry en dinge aanpak. Maar selfstandigheid kan maklik die maatstaf word: as ek dit self kan doen, het ek niemand nodig nie. Self is nie 'n slegte woord nie. Die vraag is wat gebeur wanneer ons net na onsself kyk. In Esegiël 34 kry "self" so bietjie 'n ander *angle*. God kyk na sy mense wat sonder sorg agtergebly het en sê: "Ek sal self na hulle omsien." Hy neem verantwoordelikheid vir mense wat deur ander afgeskeep is.

Met Kersfees sien ons hoe ver God sê "Ek sal self" strek. So ver dat God in Jesus, self ons wêreld binnekom en deel word van die lewe wat ons leef. Na Jesus se geboorte, lewe, kruisiging, dood en opstanding, maar voordat HY na die hemel opvaar, belowe Hy sy dissipels: "Onthou, Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

"Al die dae" sluit ook ons gewone dae in: werk, die huis, gesinsgesprekke en die klein dinge van elke week. Openbaring se laaste beeld is dié van God wat tussen mense woon. Van Esegiël af—waar 'n groot deel van God se volk in ballingskap sit—loop die lyn deur Betlehem, oor Golgota en deur die graf, tot by Jesus se hemelvaart en uiteindelik by dié laaste beeld: God kom self na mense toe en bly by hulle.

John Wesley se laaste woorde word só oorgelewer: "*The best of all is, God is with us.*"

… Pieter